Verkleurmannetjie soek 'n naam

Die Mutual & Federal Agri Kieriekklapper Kunstefees (KKKFees) se komitee is dringend op soek na 'n naam vir hulle verkleurmannetjie.

Feesgangers en die inwoners van Mokopane is reeds bekend met die groen verkleurmannetjie wat al 'n paar jaar deel is van die KKKFees.

Die komitee het dit goed gedink om, aangesien dit hierdie jaar die 10de fees is, die verkleurmannetjie 'n naam te gee.

Omdat die fees 'n fees uit die gemeenskap vir die gemeenskap is, word die gemeenskap uitgenooi om deel te neem aan 'n kompetisie om vir verkleurmannetjie 'n naam te gee.

Voorstelle vir name kan gestuur word na die Dienssentrum by faks: (015) 491-3129 of per epos na dienssentrum@lantic.net. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is Maandag, 3 Mei en die wenner sal in die Bosvelder van 13 Mei aangekondig word.

Die insender van die wennaam sal beloon word met twee kaartjies vir 'n vertoning van die wenner se keuse gedurende die fees van 5 tot 7 Augustus vanjaar.